# 7 *Saterdag*

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 7:54-60**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 7:55**

**Stefanus – Staan vas in jou geloof!**

Sover ons kennis strek, was Stefanus (krans) die héél eerste Christenmartelaar wat vir sy geloof gesterf het. Hy was een van die sewe volgelinge van Jesus wat aangestel is om die finansies van die gemeente in Jerusalem te hanteer en die weduwees en armes te versorg, sodat die apostels hulle tyd meer aan gebed en die verkondiging van die Woord kon wy.

Stefanus word beskryf as 'n man aan wie God genade en krag gegee het om wonders te doen. Hy was 'n goeie prediker en 'n kragtige redenaar. Hy het die lede van die Joodse Raad woedend gemaak deur hulle daaraan te herinner dat hulle voorvaders teen God en hulle leiers gerebelleer het en die profete doodgemaak het (Hand. 7:1-53). Stefanus se beskuldiging dat hulle dieselfde met Jesus gedoen het, het hulle van woede op hulle tande laat kners.

Stefanus se verklaring dat hy die geopende hemel sien en die verheerlikte Jesus aan die regterhand van God sien staan, was eens te veel vir hulle. Soos een man het hulle op hom afgestorm en hom gestenig, en selfs tóé het hy die Here gevra om hulle tog nie hierdie sonde toe te reken nie!

God spreek deur Stefanus tot ons. Ons word opgeroep om enduit in die geloof te volhard, veral as ons sien en hoor dat Christene toenemend gehaat word net omdat hulle Christene is. Daar word beweer dat daar elke vyf minute êrens in die wêreld 'n Christen doodgemaak word. Meer as 200 miljoen Christene word wêreldwyd vir hulle geloof vervolg.

Dit is 'n skokkende syfer, maar word dit opgeweeg teen die aantal Christene in die wêreld, besef 'n mens dat die meerderheid van ons nie noodwendig geroep sal word om vir ons geloof te sterf nie, wel tot die ontsagwekkende taak om ons geloof uit te leef.

Is jy gereed om hierdie uitdaging te aanvaar?

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3*

*Dr. De Wet Saaiman (Krugersdorp)*